**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ORDINARY LEVEL** **4115/4**

PAPER 4 Oral Assessment Approx. 15 minutes

Marks 30 **2020**

**EXAMINER'S NOTES**

Great care should be taken to ensure that any confidential information given does not reach the candidates directly or indirectly.

## READ THE INSTRUCTIONS FIRST

- This booklet contains –
  (a) administrative guidelines on conducting the test
  (b) marking grid
  (c) copies of cards A – E with notes for teachers/examiners.

## LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES

- Die instruksies bevat –
  (a) administratiewe riglyne vir die afneem van die toets
  (b) nasienskema
  (c) kopieë van kaarte A – E met aantekeninge vir die eksaminator.

ORDINARY LEVEL

This document consists of **13** printed pages and **3** blank pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**INHOUD**


| | | | |
|---|---|---|---|
| BELANGRIKE INLIGTING OOR DIE AFNEEM VAN DIE TOETS | | | Bladsy 3 |
| NASIENSKEMA | | | Bladsy 8 |
| MONDELINGE EVALUERING | **A** | **Lag uit jou maag, huil uit jou hart ...** | Bladsy 9 |
| MONDELINGE EVALUERING | **B** | **Tienerskap** | Bladsy 10 |
| MONDELINGE EVALUERING | **C** | **Die belangrikheid van lees** | Bladsy 11 |
| MONDELINGE EVALUERING | **D** | **Sportsterre en vermaaklikheidsterre** | Bladsy 12 |
| MONDELINGE EVALUERING | **E** | **Afrika se wilde diere** | Bladsy 13 |

## BELANGRIKE INLIGTING OOR DIE AFNEEM VAN DIE TOETS

### ALGEMEEN

**1.** Die mondelinge eksamen is verpligtend en die punt dra by tot die totale punt met ’n gewigswaarde van 10%.

**2.** Die mondelinge evaluering vind plaas in die tydperk voor die hoofeksamen soos gestipuleer op die eksamenrooster. Elke sentrum moet self besluit op die geskikste datum vir die mondelinge eksamen.

**3.** Sentrums moet vroegtydig verseker dat die afneem van die mondelinge evaluering in ’n geskikte, afgesonderde lokaal gaan plaasvind en dat die klankopnemer in ’n goeie werkende toestand is.

**4.** Sentrums moet hou by die datums wat vasgestel is vir die afhandeling van die mondelinge evaluering en vir die betydse deurstuur na die DNEA van die puntelyste en opnames sodat daar genoeg tyd is vir eksterne moderering. Dit is uiters belangrik dat hierdie materiaal nie laat is nie.

**5.** Waar moontlik, moet slegs een eksaminator per sentrum aangewys word. Elke sentrum moet sy eie eksaminator aanwys. Gewoonlik is hierdie eksaminator een van die taalonderwysers, maar dit kan ook iemand wees wat nie aan die skool verbonde is nie.

’n Groep buurskole kan besluit om dieselfde persoon te kies om die eksamen in hul skole af te neem, in welke geval elke sentrum verantwoordelik sal wees vir sy eie korrek ingevulde vorms en volledige opnames. (Die DNEA is nie verantwoordelik vir enige vergoeding wat aan ’n buitepersoon betaal moet word nie.)

By sentrums waar groot getalle kandidate geëvalueer moet word en daar van meer as een eksaminator gebruik gemaak moet word, moet interne moderering plaasvind sodat al die kandidate op dieselfde standaard geëvalueer word.

**6.** Elke sentrum sal ’n stel evalueringskaarte met aantekeninge vir die eksaminator ontvang. Eksaminatore/onderwysers wat vir die afneem van die mondelinge evaluering verantwoordelik gaan wees, moet voor die afneem van die toets verseker dat hulle op hoogte is van die instruksies en inligting daarin vervat. Hierdie dokumente bly vertroulik en moet in veilige bewaring bly tot aan die einde van die eksamen.

**7.** Elke sentrum moet die volgende na die DNEA stuur: (a) ’n klankskyf met die digitale klankopnames van ’n verteenwoordigende groep kandidate; (b) voltooide MS1 vorms; (c) voltooide Opsommende Puntelys(te) vir Mondelinge Evaluering (Oral Assessment Summary Form).

**(a)** Klankopnames van die kandidate

Elke sentrum sal verantwoordelik wees om ’n voorbeeld van die klankopname van kandidate op ’n klankskyf te voorsien. Die vereistes vir die grootte van die voorbeeld van kandidate is agter op die Opsommende Puntelys uitgespel.

Die onderwyser wat verantwoordelik is vir interne standaardisering van die sentrum moet verseker dat die voorbeeldopnames verteenwoordigend is van die hele spektrum van punte. Die opnames moet verteenwoordigend wees van punte van die hoogste tot die laagste punt. Waar meer as een onderwyser betrokke is, moet die voorbeeld dieselfde aantal geëvalueerde kandidate van elke onderwyser insluit.

Afdeling 16 bevat die instruksies vir die opnames van die voorbeeld wat ingestuur moet word. Die klankskyf sowel as die ander relevante dokumente moet na die DNEA gestuur word. Die voorbeeldkandidate wie se mondelinge evaluering opgeneem is, se besonderhede moet duidelik op die klankskyf aangedui word.

**(b) MS1 Vorm**

Die rekenaargedrukte puntelys vir evaluering wat deur die skool voltooi word, bestaan uit drie dele:

- die boonste kopie moet in die aparte koevert na die DNEA versend word.
- die middelste kopie (dit is vir gebruik deur die eksterne moderator) moet apart, maar saam met die klankskyf met die voorbeeldkandidate se opnames en die Opsommende Puntelys na die DNEA versend word.
- die laaste kopie moet by die sentrum bewaar word ingeval stukke in die pos verlore raak of vir verdere navrae, tot nadat die uitslae gepubliseer is.

  Die MS1 Vorm moet voltooi word deur die punt van elke kandidaat vanaf die kolom vir Totale Punt op die Opsommende Puntelys daarop oor te dra.

**(c) Opsommende Puntelys vir Mondelinge Evaluering (Oral Assessment Summary Form)**

Hierdie dokument word gebruik om elke kandidaat se punte in die verskillende kategorieë in te dra. Instruksies vir die invul van hierdie dokument word op die agterkant van die vorm gegee. Hierdie vorm, die MS1 en die klankskyf/skywe of kassette met die opnames van die voorbeeld-kandidate moet saam ingestuur word.

**Die kandidate se name MOET op hierdie puntelys in dieselfde volgorde as op die MS1 wees.**

Maak asseblief seker dat al die punte korrek opgetel is. Die Opsommende Puntelys vir Mondelinge Evaluering moet punte vir elke kategorie en van elke kandidaat aandui, nie slegs dié wat gekies is as die voorbeeld-kandidate nie.

Plaas asseblief ’n asterisk (*) langs die name van die kandidate wie se opnames gekies is vir die voorbeeldgroep.

**8.** Die klankskyf met die opnames van die voorbeeld-kandidate, die voltooide MS1 en die Opsommende Puntelys vir die Mondelinge Evaluering moet so gou as moontlik ná die afhandeling van die mondelinge evaluering by elke sentrum na die DNEA versend word. Moenie wag vir die sperdatum voordat dit versend word nie.

DIE AFNEEM VAN DIE MONDELINGE EVALUERING

**9.** Die afneem van die mondelinge evaluering behoort as volg te geskied:

(A) Die evalueringskaart mag ongeveer 15 minute voor die tyd aan die kandidaat gegee word waar hy/sy in afsondering kan voorberei. (Bv. terwyl kandidaat A geëksamineer word, kan kandidaat B voorberei.)

Kandidate mag nie toegelaat word om tydens hierdie fase aantekeninge te maak nie.

(B) Skakel die digitale klankopnemer aan. Gee die kandidaat se naam en eksamennommer. Verwelkom die kandidaat.

(C) Opwarmingsfase: Lei 'n algemene bespreking in deur die kandidaat 'n paar vrae oor homself/haarself, die skool, ensovoorts, te vra om hom/haar so gewoond te laat raak aan die eksamensituasie. Die doel van hierdie afdeling is om die kandidate op hul gemak te stel. Hierdie afdeling behoort 2 – 3 minute te duur.

(D) Die evalueringskaart. Enige onduidelikhede moet tydens hierdie fase opgeklaar word. Die kandidaat moet die geleentheid gebied word om vrae te vra.

(E) Die hoofgedeelte van die toets: die gesprek gebaseer op die evalueringskaart. Die eksaminator of die kandidaat kan met die gesprek begin. (Die aantekeninge op elk van die evalueringskaarte gee aanduidings van vrae en moontlike aspekte wat tydens die gesprek aangeroer kan word.) Hierdie afdeling van die toets moet 8 – 10 minute duur.

**Die totale tydsduur van die mondelinge evalueringstoets, van die begin af (C) tot aan die einde (E), behoort ongeveer 15 minute te wees.**

Neem **kennis dat alhoewel (B) tot (E) opgeneem word, slegs (E) geëvalueer moet word.**

**Die mondelinge evalueringstoets mag slegs in Afrikaans afgeneem word.**

**10.** Gedurende die afneem van die mondelinge evaluering moet eksamen-omstandighede deurentyd in die lokaal gehandhaaf word. Genoegsame toesig moet voorsien word sodat kandidate wat die eksamenlokaal verlaat ná die afneem van die toets, nie met die ander kandidate wat wag om geëvalueer te word, kan kommunikeer nie.

**11.** Geen persoon, behalwe 'n ander onderwyser/eksaminator of verteenwoordiger van die DNEA, behoort gedurende die afneem van die toets in die lokaal toegelaat te word nie.

**12.** **Kandidate moet individueel geëksamineer word.** Die klankopnames van die voorbeeld-groep mag nie uit pare bestaan nie, slegs uit individue.

**13.** Kandidate mag nie enige aantekeninge in die eksamenlokaal inbring of woordeboeke raadpleeg nie.

**14.** 'n Verskeidenheid van onderwerpe word voorsien en die eksaminator (nie die kandidaat nie) sal die keuse maak oor die evalueringskaart vir elke kandidaat. 'n Verspreiding van al die evalueringskaarte moet tydens die eksamen gebruik word vir evaluering by elke sentrum. Die evalueringskaart wat vir elke kandidaat gekies word, moet met sorg gekies word sodat elke kandidaat sy volle potensiaal ten toon kan stel. **Onthou dat die toets oor die mondelinge vaardigheid van die kandidaat gaan en dat dit nie algemene kennis toets nie. As dit blyk dat die kandidaat die onderwerp totaal onvanpas en te moeilik vind, is dit heeltemal toelaatbaar om die gesprek te verander na dinge waaroor die kandidaat makliker kan gesels. Dit is onnodig om in sulke omstandighede rigied by die riglyne van die evalueringskaart te hou.**

**15.** Die eksaminator moet so sit dat hy/sy na die kandidaat front met 'n tafel of lessenaar tussen hulle. Kandidate moenie die aantekeninge wat op die Opsommende Puntelys of enige ander papiere gemaak word, kan sien nie.

## DIE MAAK VAN DIE OPNAMES

**16.** Sentrums moet vroegtydig verseker dat hul apparaat in ’n goeie werkende toestand is. Slegs digitale opnemers mag gebruik word. Die opnemer en die klankskyf moet ’n geruime tyd voor die afneem van die toets, verkieslik met ’n kandidaat of iemand anders, in die lokaal getoets word. Die opwarmingsessie kan ook as ’n geleentheid beskou word waartydens die klankgehalte getoets word. Waar moontlik, is dit verkieslik om ’n digitale opnemer te gebruik wat ’n eksterne mikrofoon het sodat aparte mikrofone vir die eksaminator en die kandidaat gebruik kan word. As slegs een mikrofoon beskikbaar is, is dit verkieslik dat die mikrofoon so opgestel word dat dit na die kandidaat gedraai word. Dit is baie belangrik dat die klankgehalte voor die afneem van die toets getoets word; aanpassings aan die volume gedurende die afneem van die toets moet vermy word. Voorsorg moet getref word om geraas buite die lokaal en ook lang stiltes tydens die toets te vermy. Gedurende die afneem van die mondelinge evaluering moet gereelde toetse gedoen word om te verseker dat die klankskyf deurentyd duidelik hoorbaar is.

Die digitale klank- of bandopnemer mag onder geen omstandighede afgeskakel word tydens die afneem van die toets nie.

Elke klankskyf moet met die volgende aankondiging in Afrikaans deur die eksaminator begin:

| | | |
|---|---|---|
| Sentrumnommer: | (bv.) | NA9x |
| Sentrumnaam: | (bv.) | ABC Akademie |
| Eksamen: | 4115 | Afrikaans Tweede Taal |
| Naam van eksaminator: | (bv.) | Me. A Zxq |
| Datum: | (bv.) | 1 September 2020 |

Die opname van elke kandidaat moet baie duidelik op die CD soos volg deur die eksaminator aangekondig word:

| | | |
|---|---|---|
| Kandidaatnommer: | (bv.) | 0070 |
| Naam van kandidaat: | (bv.) | Abdi Zacharia |

Aan die einde van die opname moet die eksaminator baie duidelik sê: “Dit is die einde van die opname.”

Voordat die klankskyf weggestuur word, moet die eksaminator baie seker maak dat die opname van elke kandidaat baie duidelik is. Die inhoud van die klankskyf moet baie duidelik op die etiket aangedui word. Die volgorde van die opnames moet ooreenstem met die volgorde op die etiket.

## ALGEMENE RAAD

**17.** Hou asseblief die volgende in gedagte tydens die evalueringsessie:

Wees te alle tye objektief. Moenie toelaat dat enige kennis ten opsigte van die kandidaat se karakter of ingesteldhede u objektiewe evaluering beïnvloed nie, byvoorbeeld, kennis dat ’n kandidaat uiters konsensieus is, is irrelevant tydens die evalueringsessie. As die kandidaat se vertoning tydens die evalueringsessie op enige wyse beïnvloed word deur moeilike persoonlike omstandighede, byvoorbeeld die dood van ’n ouer, kan daar aansoek gedoen word op die betrokke dokumentasie vir Spesiale Oorweging. Eksaminatore moenie self spesiale toegewings in sulke gevalle maak nie.

**Wees realisties:** Onthou, Afrikaans hoef nie die kandidaat se moedertaal te wees om volpunte te verdien in een van die kategorieë nie. Dis ook belangrik dat ’n eksaminator nie moontlike foute sal oorsien as die kandidaat wel 'n moedertaalspreker is nie.

**Wees konsekwent:** Dis belangrik dat die nasienskema op dieselfde wyse aangewend word vir alle kandidate sodat ’n betroubare merietelys van die kandidate deur die sentrum verkry kan word.

**Wees positief:** Tydens die evaluering is dit belangrik om in gedagte te hou dat die toets gaan oor dit wat die kandidate kan doen en nie om hulle te penaliseer vir dit wat hulle nie kan doen nie. (Dit beteken nie dat aspekte soos akkuraatheid in, byvoorbeeld grammatika en uitspraak, misgekyk moet word nie. **Dit is ’n herinnering dat die NSSCO mondelinge evaluering oor positiewe bepunting gaan.)**

**18.** Om die mondelinge evaluering effektief af te neem, sal eksaminatore –

- altyd die kandidate op hul gemak stel aan die begin van die toets (glimlag as die kandidaat die lokaal binnekom, wys waar hulle moet sit, ensovoorts) terwyl hulle nogtans die indruk behou dat dit ’n formele eksamen is.
- nooit rondloop en die kandidate tydens die toets onnodig steur nie.
- altyd geïnteresseerd lyk, al is dit baie vervelig.
- nooit kandidate in die rede val met hul eie sienings nie.
- nooit foute korrigeer nie.
- nooit onnodige verrassing of ongeduld toon nie.
- nooit die indruk gee dat daar slegs ’n “regte” antwoord op die vrae is nie.
- altyd die beste uit hul kandidate behoort te haal deur “oop” vrae te stel wat hulle in staat sal stel om goeie response te lewer en nie net ’n klomp geslote vrae te vra waarop kandidate slegs ja/nee kan antwoord nie.
- nooit die toets afneem asof dit ’n algemene kennis-toets is nie.
- nooit hul opinie oor die kandidaat se vertoning tydens of ná die toets, aan die kandidaat laat blyk nie. ’n Goeie eksaminator sal gewoonlik daarin slaag om ’n kandidaat met ’n glimlag te laat gaan, ongeag hoe goed of swak sy/haar vertoning was.

**NASIENSKEMA**

**Bepunt elke kategorie uit 10 (struktuur, woordeskat en vloeiendheid), tel dan hierdie punte bymekaar vir 'n totale punt uit 30.**

| **Punt** | **Struktuur (10)** | **Woordeskat (10)** | **Vloeiendheid (10)** |
|---|---|---|---|
| 9-10 | Die kandidaat demonstreer die vermoë om 'n verskeidenheid strukture akkuraat en konsekwent te gebruik. Foute mag insluip wanneer gepoog word om meer gesofistikeerde strukture te gebruik, maar die eksaminator is oortuig dat die kandidaat die strukture met selfvertroue kan gebruik. | Die kandidaat toon genoegsame bemeestering van woordeskat om met 'n mate van korrektheid te reageer. Sekere vorme van betekenis word bereik en 'n mate van gesofistikeerde inligting/idees word gekommunikeer. Daar vind slegs enkele foutiewe gebruike van woordeskat plaas. | Die kandidaat toon 'n volgehoue vermoë om die gesprek aan die gang te hou en 'n bydrae te lewer. Die kandidaat kan reageer as die strekking van die gesprek verander en selfs nuwe idees inisieer. Uitspraak en intonasie is akkuraat met slegs enkele foute. |
| 7-8 | Daar word meestal van eenvoudige strukture gebruik gemaak, maar meer komplekse strukture kan ook suksesvol aangewend word. Foute kom wel voor, maar dit hinder nie kommunikasie nie. | Die kandidaat beskik oor genoegsame woordeskat om idees en inligting oor te dra, maar daar is 'n tekort aan absolute korrektheid. Woordeskat is nie baie wyd en afwisselend nie. | Die kandidaat reageer geredelik op vrae gedurende die gesprek sodat gereelde aansporing onnodig is. Klem en intonasie is gewoonlik korrek. Baie min inspanning word deur die luisteraar benodig. |
| 5-6 | Die kandidaat is geneig tot foute as daar wyer as die eenvoudige strukture gewaag word. Eenvoudige akkuraatheid word gewoonlik bereik en kommunikasie word gehandhaaf. | Woordeskat dra basiese idees en inligting oor, maar daar is 'n tekort aan akkuraatheid. As daar wyer as die bekende gewaag word, is daar huiwering en word na die korrekte woord gesoek. | Die kandidaat probeer hard om op al die vrae te antwoord. Hy/sy moet gereeld aangespoor word en waag slegs een sin op 'n slag, maar slaag tog daarin om die kommunikasie aan die gang te hou. Daar is duidelike foute met klem en intonasie, maar dit hinder nie kommunikasie nie. |
| 3-4 | Response bestaan gewoonlik slegs uit enkele woorde of baie eenvoudige sinne – met foute. Foute strem kommunikasie maar hinder dit nie. | Woordeskat is soms onvoldoende om selfs eenvoudige idees oor te dra en daar is gereelde stiltes. | Antwoorde is kort en wydverspreid. Die kandidaat moet aangemoedig word om wyer as die eenwoord-response te antwoord. Verkeerde gebruik van klem en intonasie bemoeilik kommunikasie, maar die kandidaat kan gewoonlik deur 'n baie simpatieke luisteraar verstaan word. |
| **1-2** | Eenwoord-response is aan die orde van die dag. Pogings om volsinne te gebruik, slaag nie daarin om kommunikasie te bewerkstellig nie. Daar word pogings aangewend om te reageer op sekere aspekte gedurende die gesprek. | Genoegsame Afrikaanse woorde is bekend om klein brokkies inligting oor te dra, maar kommunikasie is baie beperk en deurmekaar. | Antwoorde is so kort en onakkuraat dat baie min gekommunikeer word. Die gebruik van enkel woorde is aan die orde van die dag en daar is lang stiltes. Verkeerde gebruik van klem en intonasie veroorsaak probleme, selfs vir die baie simpatieke luisteraar. Herhaling is nodig om kommunikasie te verkry. |
| **0** | Totaal beperk/geen poging word aangewend om te reageer nie. | Totaal beperk/geen poging word aangewend om te reageer nie. | Verkeerde gebruik van klem en intonasie verhoed kommunikasie, selfs al word herhaalde pogings aangewend. |

**A Lag uit jou maag, huil uit jou hart ...**

**Kandidaat se notas**

Is die mensdom vandag werklik in voeling met hul emosies? Verstaan hulle waarom hulle lag of huil soos mense behoort te doen? Bespreek jou mening hieroor met die eksaminator.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- Hoe tree gelukkige mense gewoonlik op?
- Wat gee vir hulle plesier?
- Weet ongelukkige/swaarmoedige en plesierige mense wat die rede vir hul gevoelens is?
- Hoe affekteer dit 'n mens se selfbeeld as jy meestal gelukkig en positief is?
- Kan plesierige mense altyd gelukkig wees en lag?

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

**Belangrike punte vir die onderwyser/eksaminator**

**Fase 1: Beginopdrag**

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak dat hy/sy verstaan wat verwag word.

Die kandidaat word 'n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei. Geen notas mag gemaak word nie.

**Fase 2: Opwarming**

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, die skool, ensovoorts, om hom/haar die geleentheid te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte hiervoor toeken nie.

**Fase 3: Ontwikkeling**

Bespreek die idees en voorstelle met die kandidaat.

## B Tienerskap

### Kandidaat se notas

Baie tieners bestempel hul tienerjare as die beste en ander voel weer dit is die slegste tyd in hul lewens.

Deel jou mening daaroor met die eksaminator.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- Geniet tieners werklik hierdie tydperk in hul lewens?
- Wat kan konflik tussen tieners en volwassenes veroorsaak?
- Enige druk wat tieners by die huis, skool en elders ondervind?
- Dinge wat jou gelukkig of hartseer maak.
- Verstaan tieners hulself en hul gevoelens die meeste van die tyd?

Jy mag ook jou eie idees gebruik.
Jy mag geen notas maak nie.

### Belangrike punte vir die onderwyser/eksaminator

### Fase 1: Beginopdrag

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak dat hy/sy verstaan wat verwag word.

Die kandidaat word ’n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei. Geen notas mag gemaak word nie.

### Fase 2: Opwarming

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, die skool, ensovoorts, om hom/haar die geleentheid te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte hiervoor toeken nie.

### Fase 3: Ontwikkeling

Bespreek die idees en voorstelle met die kandidaat.

## C Die belangrikheid van lees

### Kandidaat se notas

’n Mens leer baie deur te lees. Tog lees kinders, veral die Namibiese kind, baie min, of glad nie. Bespreek jou siening hieroor met die eksaminator.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- Lees die Namibiese kind genoeg?
- Indien wel, wat is die rede daarvoor?
- Word daar genoeg aandag aan lees in skole gegee?
- Spandeer ouers genoeg tyd daaraan om ’n leeskultuur by hul kinders te help skep?
- Wat kan ons doen om kinders en jong mense meer te laat lees?

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

### Belangrike punte vir die onderwyser/eksaminator

**Fase 1: Beginopdrag**

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak dat hy/sy verstaan wat verwag word.

Die kandidaat word ’n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei. Geen notas mag gemaak word nie.

**Fase 2: Opwarming**

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, die skool, ensovoorts, om hom/haar die geleentheid te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte hiervoor toeken nie.

**Fase 3: Ontwikkeling**

Bespreek die idees en voorstelle met die kandidaat.

## D Sportsterre en vermaaklikheidsterre

### Kandidaat se notas

Oorsese sport - en vermaakliheidsterre verdien geweldig baie geld en daarmee saam, kom ook roem en bekendheid. Behoort hulle regtig sulke buitensporige bedrae te verdien? Bespreek jou mening hieroor met die eksaminator.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- Verdien sterre werklik die groot bedrae waarmee hulle vergoed word?
- Sport-, verhoog- en filmsterre in Afrika verdien maar baie min in vergelyking met sterre oorsee. Is dit regverdig? Hoekom kry hulle soveel minder?
- Namibië het min professionele sport- en vermaaklikheidsterre. Wat is die belangrikste redes daarvoor?
- Verloor sterre hul reg op privaatheid omdat die publiek soveel betaal om hulle te sien?

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

### Belangrike punte vir die onderwyser/eksaminator

### Fase 1: Beginopdrag

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak dat hy/sy verstaan wat verwag word.

Die kandidaat word 'n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei. Geen notas mag gemaak word nie.

### Fase 2: Opwarming

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, die skool, ensovoorts, om hom/haar die geleentheid te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte hiervoor toeken nie.

### Fase 3: Ontwikkeling

Bespreek die idees en voorstelle met die kandidaat.

## E Afrika se wilde diere

### Kandidaat se notas

Afrika, Namibië ingesluit, het 'n baie ryk dierelewe. Of ons dit egter besef en waardeer, is 'n ander storie. Doen ons genoeg om ons kosbare diereryk teen uitwissing te beskerm? Bespreek jou mening hieroor met die eksaminator.

Jy mag die volgende in gedagte hou.

- Ken ons werklik ons natuur en ons ryk dierelewe?
- Weet ons genoeg van hoe die natuur in Namibië bewaar word?
- Stel die gewone Namibiër belang daarin om die natuur te bewaar?
- Hoe kan die sosiale media gebruik word om mense meer bewus van bewaring te maak?
- Wat behoort die regering te doen om die stroop van beskermde diere soos olifante en renosters te verminder?

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

### Belangrike punte vir die onderwyser/eksaminator

### Fase 1: Beginopdrag

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak dat hy/sy verstaan wat verwag word.

Die kandidaat word 'n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei. Geen notas mag gemaak word nie.

### Fase 2: Opwarming

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, die skool, ensovoorts, om hom/haar die geleentheid te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte hiervoor toeken nie.

### Fase 3: Ontwikkeling

Bespreek die idees en voorstelle met die kandidaat.